BEPALINGS EN VOORWAARDES VAN ATKV SE VAKANSIERANDESKEMA

1. INLEIDING

1.1. Hierdie bepalings en voorwaardes vorm die grondslag van die ATKV se VakansieRandeskema. Die regte en verpligtinge van beide die deelnemer en ATKV word hierin uiteengesit. Dit is ’n deelnemer se verantwoordelikheid om dit te lees en homself of haarself te vergewis dat hy of sy dit verstaan.

1.2. Hierdie bepalings en voorwaardes geld vanaf datum van publikasie daarvan, naamlik 1 Oktober 2007, en mag van tyd tot tyd gewysig word.

1.3. Beide die deelnemer en die ATKV is onderhewig aan hierdie bepalings en voorwaardes. Alle deelnemers word geag om hierdie dokument te gelees het en om die bepalings en voorwaardes van die ATKV se VakansieRandeskema te aanvaar het.

1.4. Die bepalings en voorwaardes wat van toepassing is op ’n toewysing van VakansieRande en/of ’n bonustrekking, sal daardie bepalings en voorwaardes wees wat geld op die datum waarop die toewysing gemaak en/of die bonustrekking aan ’n deelnemer toegeken is.

2. UITLEG

2.1. In hierdie dokument en in enige bylae tot hierdie dokument is klousule-opskrifte geriefshalwe daar en sal nie in die vertolking van hierdie dokument gebruik word nie;

2.2. In hierdie dokument en in enige bylae tot hierdie dokument tensy uit die samehang ’n teenstrydige bedoeling blyk, sluit woorde –

2.2.1. van een geslag die ander geslag in;

2.2.2. vir ’n natuurlike persoon ook ’n regspersoon in en omgekeerd;

2.2.3. in die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd.

2.3. In hierdie dokument en in enige bylae tot hierdie dokument sal die volgende woorde die betekenisse hê wat hieronder aan hulle toegeken is –

2.3.1. “Absa” beteken ABSA Bank Bpk., registrasienommer 1986/004794/06, ’n openbare maatskappy wat ’n bank is;

2.3.2. “ATKV” beteken die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (Vereniging ingelyf kragtens artikel 21), registrasienommer 2003/031207/08, ’n maatskappy sonder aandelekapitaal geïnkorporeer ingevolge artikel 21 van die Maatskappyewet, 61 van 1973;

2.3.3. “ATKV-oorde” beteken alle vakansieoorde wat van tyd tot tyd deur die ATKV bedryf word en word kortliks na verwys as oord/e;

2.3.4. “ATKV-ledesake” beteken die afdeling van die ATKV wat beide die ATKV se kliëntebestuurstelsel en ledesakebestuurstelsel administreer;

2.3.5. “Deelnemer” beteken ’n lid of ’n kliënt wat ingevolge die bepalings van klousule 3 kwalifiseer om aan die ATKV se VakansieRandeskema deel te neem;

2.3.6. “Deelnemende instansie” beteken Absa en enige ander instansie waarmee die ATKV ’n kortingskema mag beding;

2.3.7. “Kaarthouer” beteken ’n deelnemer aan wie ’n kaart ingevolge die bepalings van klousule 10.2 uitgereik is;

2.3.8. “Kliënt” beteken ’n persoon wat nie noodwendig ’n lid van die ATKV is nie, maar wat deur middel van ’n kortingskema en verwysing deur die ATKV -

2.3.8.1. verbandfinansiering van nie minder nie as R50 000 (VYFTIG DUISEND RAND) by Absa verkry het; of

2.3.8.2. vergroting van ’n bestaande verband, wat by Absa verkry is, ten bedrae van nie minder nie as R50 000 (VYFTIG DUISEND RAND); of

2.3.8.3. korttermynversekering by Absa uitgeneem het; of

2.3.8.4. ander aanbiedinge wat moontlik in die toekoms by hierdie VakansieRandeskema bygevoeg mag word, opneem.

2.3.9. “Kortingskema” beteken die ooreenkoms wat tussen die ATKV en ’n deelnemende instansie gesluit is en ingevolge waarvan die ATKV op ’ voordeel geregtig is op kommissie ten opsigte van die besigheid van lede en kliënte wat deur die ATKV na die deelnemende instansie verwys is;

2.3.10. “Lede-afslag” beteken die afslag waarvoor ’n lid as deel van sy ledevoordeel ingevolge die ATKV se ledevoordeelskema by ATKV-oorde kwalifiseer. Die lede-afslag en die VakansieRandeskema soos hierin gedefinieer staan los van mekaar en moet nie met mekaar verwar word nie;

2.3.11. “Lid” beteken ’n persoon wat ’n geregistreerde lid van die ATKV is;

2.3.12. “Registrasie” beteken registrasie deur enige persoon as voornemende deelnemer deur op een van die volgende wyses sy persoonlike besonderhede en belangstelling in die VakansieRandeskema aan die ATKV te voorsien: Deur 086 100 ATKV (dit wil sê 086 100 2858) telefonies te skakel, www.vakansierande.co.za te besoek of ATKVR aan 35477 te SMS en die nodige inligting wat dan versoek word, te verskaf;

2.3.13. “VakansieRande” beteken die ideële toewysing wat ingevolge die bepalings van klousules 4 en 5 aan ’n deelnemer gemaak word en ingevolge waarvan ’n deelnemer geregtig sal raak op afslag op verblyf by ’n ATKV-oord ooreenkomstig die bepalings van klousule 7;

2.3.14. “VakansieRandeskema” beteken die ATKV se VakansieRandetoewysings en VakansieRande-aanwendings soos uiteengesit in hierdie dokument;

2.3.15. “Webtuiste” beteken die Vakansierande se webtuiste, naamlik www.vakansierande.co.za.

3. KWALIFIKASIE AS DEELNEMER

3.1. Ten einde te kwalifiseer as ’n deelnemer ingevolge die kortingskema tussen Absa en die ATKV, moes ’n Lid of kliënt gedurende die betrokke tydperk met betrekking waartoe VakansieRande toegewys word, deur middel van die betrokke kortingskema -

3.1.1. nuwe verbandfinansiering van nie minder nie as R50 000 (VYFTIG DUISEND RAND) by Absa verkry het; of

3.1.2. verbandfinansiering van nie minder nie as R50 000 (VYFTIG DUISEND RAND) vanaf ’n ander bank na Absa oorgeplaas het; of

3.1.3. vergroting van ’n bestaande verband in ’n bedrag van nie minder nie as R50 000 (VYFTIG DUISEND RAND) by Absa verkry het; of

3.1.4. korttermynversekering by Absa uitgeneem het; of

3.1.5. ander aanbiedinge wat moontlik in die toekoms by hierdie kortingskema bygevoeg mag word, opgeneem het.

3.2. Ander kortingskema-aanbiedinge mag in die toekoms bygevoeg word.

3.3. Ten einde alle twyfel uit die weg te ruim, word geboekstaaf dat die volgende persone nie as deelnemers ingevolge ’n kortingskema sal kwalifiseer nie -

3.3.1. ’n persoon wat ’n verbandlening afbetaal het en dan weer ’n bedrag op dieselfde verbandlening leen;

3.3.2. ’n persoon wat binne Absa oorskakel van een verband na ’n ander verband, behalwe waar die oorplasing terselfdertyd gepaard gaan met ’n verhoging van meer as R50 000 in welke geval klousules 3.1.3 en 4 sal geld;

3.3.3. ’n persoon wat met betrekking tot klousules 3.1.1, 3.1.2 en 3.1.3 nie deur registrasie na Absa verwys is nie;

3.3.4. ’n persoon wat nie ’n ATKV-lid is nie en wat met betrekking tot klousule 3.1.4 nie deur registrasie na Absa verwys is nie:

3.3.5. ’n persoon wat met betrekking tot klousule 3.1.5 nie deur registrasie na Absa verwys is nie;

3.3.6. ’n persoon wat met betrekking tot klousule 3.2 nie deur registrasie na die betrokke deelnemende instansie verwys is nie.

3.4. Regspersone, maatskappye, trusts, sakevennootskappe en ander regsentiteite mag ook aan die kortingskema deelneem in welke geval een of meer natuurlike persone as deelnemers deur die betrokke regspersone, maatskappye, trusts, vennootskappe en ander regsentiteite aangewys moet word. VakansieRande sal in gelyke dele, tot die naaste VakansieRand afgerond, aan die persone wat aangewys is, toegedeel word. Deelnemers is dus beperk tot natuurlike persone. Regspersone, maatskappye, trusts, vennootskappe en ander regsentiteite kwalifiseer dus nie as deelnemers nie, maar kan een of meer natuurlike persone aanwys as deelnemers en gelyke ontvangers van die VakansieRandetoewysing wat uit so ’n transaksie voortspruit.

3.5 Indien ’n verband, versekering of enige ander aanbieding in die naam van meer as een natuurlike persoon in gesinsverband geregistreer word, moet een van die persone as deelnemer deur die betrokke persone aangewys word. Die VakansieRande sal dan aan die persoon wat aangewys is, toegedeel word.

4. TOEWYSING VAN VAKANSIERANDE TEN OPSIGTE VAN ABSA-VERBANDLENINGS

4.1. ’n Deelnemer word eenmalig, na die datum van die aantekening van ’n verband in die akteskantoor, geregtig op ’n toewysing van VakansieRande gelyk aan 0,4% (vier duisendstes) van die bedrag van die verbandlening wat hy opneem, oorskakel of vergroot.

4.2. Verder sal VakansieRande ter waarde van tot ’n totaal van R20 000 kwartaalliks by wyse van ’n bonustrekking aan ’n beperkte aantal persone uit die geledere van alle persone wat deur middel van die kortingskema deur die loop van die kwartaal huisleningverbande geregistreer het, toegeken word. Die eerste bonustrekking sal tydens Julie 2008 plaasvind. Die ATKV behou hom die reg voor om die bepalings met betrekking tot ’n bonustrekking ten enige tyd voor die datum waarop ’n trekking moet plaasvind te kanselleer of te wysig.

4.3. Alle deelnemers wat op of na 1 Oktober 2007 deur die ATKV se verwysingsisteem suksesvol aansoek doen om ’n verbandlening sal kwalifiseer vir die eenmalige toekenning ingevolge 4.1. en oorweeg word vir ’n bonustrekking ingevolge 4.2.

5. TOEWYSING VAN VAKANSIERANDE TEN OPSIGTE VAN ABSA-KORTTERMYNVERSEKERING

5.1. Die ATKV sal jaarliks ten opsigte van die tydperk beginnende 1 April en eindigend op 31 Maart van die daaropvolgende jaar, in sy alleendiskresie ’n gedeelte van die kommissie wat die ATKV in die gemelde tydperk uit korttermynversekering ingevolge die kortingskema met Absa verdien het, aan VakansieRande toewys. Die bedrag wat aan VakansieRande toegewys is, sal binne ’n maand na verstryking van die tydperk ten opsigte waarvan VakansieRande toegewys word, in

die VakansieRanderekening van die ATKV gedeponeer word. VakansieRande ter waarde van hierdie bedrag wat in die VakansieRanderekening gedeponeer is, sal aan deelnemers toegewys word wie se versekering opbetaal is en wel proporsioneel in verhouding met die versekeringspremies wat hulle in die betrokke tydperk op gemelde korttermynversekering aan Absa betaal het.

Die eerste jaarlikse toewysing van VakansieRande ten opsigte van korttermynversekering sal tydens April 2008 gemaak word en daarna jaarliks tydens April.

Alle deelnemers wat op 30 September 2007 reeds deur die ATKV/Absa-korttermynversekeringspakket verseker is, word outomaties vir die toekenning van VakansieRande oorweeg.

5.2. Verder sal VakansieRande ter waarde van tot ’n totaal van R10 000 kwartaalliks by wyse van ’n bonustrekking aan ’n beperkte aantal persone uit die geledere van alle persone wat deur middel van die kortingskema deur die loop van die vorige kwartaal aaneenlopend die vereiste premies betaal het en geen korttermynversekeringseise ingestel het nie, toegeken word. Die eerste bonustrekking sal tydens April 2008 ten opsigte van die kwartaal Januarie tot Maart 2008 gemaak word. Die ATKV behou hom die reg voor om die bepalings met betrekking tot ’n bonustrekking ten enige tyd voor die datum waarop ’n trekking moet plaasvind te kanselleer of te wysig.

5.3. Verder word die spesiale ATKV/Absa-korttermynversekeringspakket wat vir ATKV-lede met Absa beding is, steeds net aan lede gebied.

6. OUDITS, REGSTELLINGS EN GESKILLE MET BETREKKING TOT VAKANSIERANDTOEWYSINGS

6.1. Die ATKV behou hom die reg voor om die VakansieRanderekening en ’n toewysing en aanwending van VakansieRande te ouditeer en regstellings met betrekking daartoe te maak.

6.2. Die ATKV behou hom die reg voor om ’n VakansieRandetoewysing aan ’n deelnemer te kanselleer indien VakansieRande foutiewelik aan die deelnemer toegewys is.

6.3. Waar ’n deelnemer ’n VakansieRandetoewysing wat foutiewelik aan hom gemaak is, aangewend het om afslag op verblyf by ’n ATKV-oord te verkry, behou die ATKV hom die reg voor om betaling binne 60 (sestig) dae na foutiewe berekening in kontant te eis ten opsigte van die korting waarvoor die deelnemer as gevolg van die foutiewe toekenning, nie gekwalifiseer het nie.

6.4. ’n Geskil met betrekking tot die korrektheid van ’n VakansieRandetoewysing aan ’n deelnemer sal nie oorweeg word nie tensy die betrokke deelnemer binne 60 (SESTIG) dae na toewysing van die VakansieRande, die ATKV skriftelike in kennis stel van die geskil. ’n Skriftelike uiteensetting van die gronde van die geskil tesame met ’n gesertifiseerde afskrif van die deelnemer se kaart, wat ingevolge klousule 10 uitgereik is, asook ’n gesertifiseerde afskrif van sy identiteitsdokument moet aan ATKV-ledesake gestuur word by Posbus 4586, Randburg 2125. Telefoniese, faksimilee- en e-pos-versoeke sal nie oorweeg word nie.

7. AANWENDING VAN VAKANSIERANDE

7.1. ’n Deelnemer mag nie sy VakansieRande aan enige ander persoon, hetsy ’n deelnemer al dan nie, verkoop, skenk of andersins oordra nie. VakansieRande kan ook nie ingeruil word vir kontant of enige ander bate nie.

’n Deelnemer mag wel sy VakansieRande aan enige ander natuurlike persoon of persone in sy testament benoem. In die geval van afsterwe van ’n deelnemer moet die eksekuteur van die gestorwe boedel ’n aansoek vir oordrag aan die erfgenaam of erfgename van die afgestorwe deelnemer se deelnemerskap en VakansieRande

by ATKV-ledesake indien. Indien die erfgenaam of erfgename van VakansieRande weier om ’n deelnemer/s te word, verval die betrokke VakansieRande.

7.2. ’n Deelnemer mag sy VakansieRande slegs aanwend om afslag op sy verblyf by ’n ATKV-oord te verkry. VakansieRande mag nie aangewend word om afslag op enigiets anders as verblyf, byvoorbeeld etes, te verkry nie.

7.3. VakansieRande is bykomend tot bestaande ledevoordele. Lede-afslag by oorde sal dus eers bereken word, waarna VakansieRande as ’n verdere afslag aangewend kan word. ’n Deelnemer mag ’n maksimum van 80% afslag met VakansieRande verkry ten opsigte van sy verblyf by ’n ATKV-oord. Alle VakansieRande wat aan die deelnemer toegewys is tot op datum waarop die deelnemer die finale rekening moet vereffen, mag sodoende aangewend word.

7.4. Wanneer ’n deelnemer ’n bespreking maak, wat onderhewig sal wees aan die bepalings in 7.8, moet die vereiste deposito in kontant betaal word. Indien ’n deelnemer sy bespreking kanselleer sal die depositoreëls van die betrokke oord geld.

7.6. ’n Deelnemer is ook geregtig om ’n deel van sy VakansieRande aan te wend vir korting op verblyf by ’n ATKV-oord. Die oorblywende VakansieRande kan dan, onderhewig aan 7.7, op ’n latere datum as afslag op verblyf by ’n ATKV-oord aangewend word.

7.7. Die ATKV behou hom die reg voor om die VakansieRandetoewysing aan ’n deelnemer te kanselleer indien die deelnemer nie sy VakansieRande binne ’n tydperk van 12 (TWAALF) maande nadat die ATKV ’n kennisgewing van kansellasie ooreenkomstig klousule 11 uitgereik het, benut nie.

7.8. Die aanwending van VakansieRande is onderhewig aan die beskikbaarheid van verblyf weens die aanvraag na verblyf by ’n ATKV-oord asook weens die voorkeur-toekenningskema vir verblyf wat ATKV-lede as deel van hulle ledevoordele geniet.

7.9. VakansieRande kan nie in geldwaarde uitgekeer word nie.

8. AFSLAG UIT HOOFDE VAN VAKANSIERANDE

8.1. ’n Deelnemer sal vir die volgende afslag by ’n ATKV-oord kwalifiseer ten opsigte van elke 1 (EEN) VakansieRand:

8.2.1. R1,00 ongeag vakansieseisoene;

8.2.2. Hou ook in die toekoms die TG dop vir spesiale aanbiedings in hierdie verband.

8.2. Die bedrag ten opsigte van afslag waarvoor ’n deelnemer kwalifiseer, kan van tyd tot tyd, sonder kennisgewing, deur die ATKV gewysig word, maar nie na minder as R1,00 nie. Spesiale aanbiedings in hierdie verband sal van tyd tot tyd in die TG aan die deelnemers of per sms of e-pos aan groepe deelnemers gekommunikeer word. Die ATKV behou die reg voor om hierdie groepe deelnemers met wie per sms of e-pos gekommunikeer sal word, self te bepaal.

9. WANGEDRAG DEUR DEELNEMER

’n Deelnemer word gediskwalifiseer van deelname aan die VakansieRandeskema en alle VakansieRande wat aan hom toegeken word, word verbeur indien hy versuim om die bepalings en voorwaardes wat van toepassing is op verblyf in ’n ATKV-oord na te kom of die ATKV-oord se eiendom opsetlik beskadig.

10. BESTUUR VAN VAKANSIERANDESKEMA EN KAARTE

10.1. VakansieRande word deur ATKV-ledesake bestuur in ’n ATKV-kliëntebestuurstelsel.

10.2. Elke deelnemer sal ’n kaart kry waarop:

10.2.1. sy volle naam (soos dit op sy identiteitsdokument of geldige paspoort verskyn), sy kaartnommer en handtekening sigbaar sal verskyn; en

10.2.2. sy identiteitsnommer (as unieke kode), kliëntekode en/of lidnommer onsigbaar op die magneetstrokie sal verskyn; en

Die ATKV sal die koste van die eerste uitreiking van gemelde kaarte dra op die grondslag dat die koste van enige ander uitreiking deur die deelnemer gedra word.

10.3. VakansieRande wat aan ’n deelnemer toegewys word, word op gemelde persoon se VakansieRanderekening in die ATKV-kliëntebestuurstelsel gekrediteer. Ander persoonlike inligting van die deelnemer word ook in die ATKV-kliëntebestuurstelsel geplaas. Die VakansieRanderekening, persoonlike inligting kan deur middel van die kaart by ’n geakkrediteerde ATKV-kaartleser of deur middel van die VakansieRande-webblad of deur die ATKV-ledesake te skakel, nageslaan word.

10.4. ’n Deelnemer is elk slegs op een kaart per persoon geregtig.

10.5. Enige wysiging van die besonderhede wat op ’n deelnemer se kaart verskyn, sal slegs aangebring word na bewys van geldige identifikasie van die deelnemer.

10.6. ’n Kaarthouer moet die ATKV onmiddellik in kennis stel indien sy kaart verloor is.

10.7. Waar ’n kaart beskadig is of verloor is, sal ’n nuwe kaart slegs uitgereik word by ontvangs van -

10.7.1. ’n verklaring waarin die kaarthouer verklaar dat sy vorige kaart beskadig is of verloor is en nie opgespoor kan word nie;

10.7.2. bewys van geldige identifikasie van die kaarthouer; en

10.7.3. betaling van ’n bedrag van R50 (VYFTG) deur die kaarthouer, welke bedrag aangewend sal word om die koste verbonde aan die uitreiking van ’n nuwe kaart te dra. Die kaarthouer se vorige kaart sal gekanselleer word en ’n kaart met ’n nuwe nommer sal uitgereik word. Alle VakansieRande wat aan die kaarthouer toegewys is en nog nie aangewend is nie, sal na sy nuwe kaart oorgedra word.

10.8. Die ATKV moet skriftelik in kennis gestel word van die afsterwe van ’n kaarthouer, welke kennisgewing ingevolge klousule 7.1 ook moet aandui aan welke erfgenaam die VakansieRande oorgedra word. Sodanige oordrag sal kosteloos geskied.

10.9. ’n Deelnemer kan ATKV-ledesake of enige ATKV-oord skakel en sy kaartnommer en volle name of identifikasienommer verskaf om vas te stel hoeveel VakansieRande hy tot sy beskikking het en die inligting sal ook op die oord se rekenaarskerm verskyn wanneer die deelnemer se kaartnommer ingevoer word of die deelnemer se kaart deur die kaartleser gelees is.

10.10. ’n Deelnemer moet sy volle name, kaartnommer, identifikasienommer (as unieke kode) en lidnommer (indien van toepassing) verskaf of sy kaart aanbied wanneer ’n bespreking gedoen word.

Indien die deelnemer ’n lid is, bevestig die oordbesprekingspunt die lede-afslag persentasie waarvoor die deelnemer kwalifiseer.

Die oord-besprekingspunt bevestig hoeveel VakansieRande die deelnemer tot sy beskikking het en stel by die deelnemer vas of hy sy VakansieRande vir afslag wil aanwend al dan nie. Indien wel, bepaal die oord-besprekingspunt hoeveel van die beskikbare VakansieRande by finale vereffening van sy rekening vir afslag aangewend sal kan word. Die bespreking word dan ooreenkomstig die instruksie van die deelnemer en die bepalings en voorwaardes van die oord afgehandel. Besprekingsdepositos sal ooreenkomstig 7.4. hanteer word.

10.11. By finale vereffening van sy rekening ten opsigte van verblyf by ’n ATKV-oord moet ’n deelnemer sy geldige kaart aan die bestuur van die oord aanbied ten einde die afslag te kan benut waarop sy VakansieRande hom geregtig maak. Indien die deelnemer nie sy kaart aanbied nie, sal afslag geweier word.

10.12. In soverre as wat ’n deelnemer sy VakansieRande aanwend om afslag op verblyf by ’n ATKV-oord te verkry, sal sy kaart met VakansieRande gedebiteer word.

10.13. Dit is die verpligting van ’n kaarthouer om sy kaart veilig te bewaar en rekord te hou van alle bewegings op sy kaart. Die ATKV aanvaar geen aanspreeklikheid en krediteer nie VakansieRande op ’n kaart indien ’n kaarthouer se kaart deur n persoon anders as die kaarthouer aangewend word om afslag by ’n ATKV-oord te verkry nie.

11. KANSELLASIE EN WYSIGING

11.1. Die ATKV behou hom die reg voor om hierdie VakansieRandeskema te enige tyd te kanselleer of te wysig, welke kansellasie of wysiging van krag sal wees sodra ’n skriftelike kennisgewing ingevolge 11.4. aan die betrokke deelnemers uitgereik is en onderworpe aan 11.2. en 11.3. sal wees.

11.2. Die ATKV onderneem om in die geval van kansellasie van die VakansieRandeskema aan alle persone wat op datum van kansellasie deelnemers is, skriftelik van die kansellasie in kennis te stel en 12 (TWAALF) maande tyd te gee om hulle VakansieRande aan te wend, waarna die oorblywende VakansieRande geen waarde sal hê nie.

11.3. Die ATKV onderneem om in die geval van wysiging van die VakansieRandeskema aan alle persone wat op datum van wysiging deelnemers is, skriftelik van die wysiging in kennis te stel en 12 (TWAALF) maande tyd te gee om hulle bestaande VakansieRande ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes wat voor die datum van wysiging van toepassing was, aan te wend, waarna die oorblywende VakansieRande ooreenkomstig die bepalings en voorwaardes wat na die datum van wysiging van toepassing is, aangewend mag word.

11.4. Hierdie skriftelike kennisgewings wat ingevolge 11.2 en 11.3 uitgereik word, sal by die betrokke persone se mees onlangse posadres soos per die ATKV se rekords gegee word en in een publikasie van die TG geplaas word en op die VakansieRande-webblad vir ’n periode van drie maande vanaf kansellasie of wysiging gepubliseer word.

12. UITBREIDING VAN VOORDELE EN KENNISGEWING DAARVAN

12.1. Die ATKV behou hom die reg voor om dienste en skemas waarvoor VakansieRande en/of ander voordele verdien kan word uit te brei en in so ’n geval sal die omskrywing van deelnemer dienooreenkomstig aangepas word, met dien verstande dat sodanige uitbreiding slegs tot voordeel van deelnemers sal strek en nie bestaande regte mag wegneem nie.

12.2. Die ATKV sal deelnemers in kennis stel van gemelde nuwe bepalings en voorwaardes van die ATKV se VakansieRandeskema deur kopieë van die gemelde dokumente in een publikasie van die TG en vir ’n periode van drie maande op die webtuiste te publiseer. Die ATKV sal deelnemers, in soverre as hulle e-posadresse aan die ATKV bekend is, ook per e-pos in kennis stel van sodanige wysigings. By bovermelde publikasie en versending van die e-posboodskappe van nuwe bepalings en voorwaardes van die ATKV se VakansieRandeskema, sal gemelde bepalings en voorwaardes deur deelnemers, soos dan omskryf, afgedwing kan word.

12.3. Deelnemers moet die ATKV so spoedig moontlik in kennis stel van veranderings ten opsigte van posadresse en e-posadresse.

13. ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

13.1. Deelnemers sal geregtig wees om besonderhede van die VakansieRandeskema na te slaan op die webtuiste.

13.2 Alhoewel geen persoonlike inligting aan derde partye sonder ’n deelnemer se toestemming beskikbaar gemaak sal word nie, mag ATKV persoonlike inligting met deelnemende instansies deel.

13.3 Deur die webtuiste te gebruik, kan die ATKV persoonlike inligting verkry wat enersyds vrywillig meegedeel word of andersyds outomaties geskied.

13.4 Deur die webtuiste en ander vorme van elektroniese kommunikasie te gebruik, mag die ATKV van tyd tot tyd met deelnemers kommunikeer. Deelnemers mag aandui of hulle nie sodanige inligting wil ontvang nie.

13.5. Alle kopiereg ten opsigte van databasisse en inligting wat aan die ATKV verstrek word, vestig in die ATKV.

13.6 ATKV mag inligting andersins vir niepersoonlike statistiek gebruik.

13.7. Alhoewel die ATKV alle redelike stappe sal neem om persoonlike inligting te beskerm, word gebruikers gemaan om nie hulle identiteit of kodewoorde aan enige derde party mee te deel nie aangesien dit tot skade of verlies van sodanige persoon mag ly. Die ATKV aanvaar geen aanspreeklikheid vir sodanige skade of verlies nie.

13.8. Geen persoon is geregtig om skade aan die webtuiste of enigiets wat daarmee verband hou, te berokken nie. Enige persoon wat sodanige skade veroorsaak of poog om ongemagtigde toegang tot inligting deur middel van die webtuiste te verkry, is strafregtelik aanspreeklik bo en behalwe enige sivielregtelike eise wat teen die persoon ingestel mag word.

13.9. Enige gebruiker van die webtuiste is verantwoordelik om self te verseker dat aan sy behoeftes voldoen word tot die mate as wat die webtuiste gebruik word. Dit sluit in die koppeling met die gebruiker se hardeware of sagteware.

13.10. Inligting wat deur middel van die gebruik van die webtuiste bekom word, moet nie gesien word as professionele advies nie en ’n gebruiker word aangeraai om sy eie professionele adviseur in hierdie verband te kontak.

13.11. Onderworpe aan die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, Nr. 25 van 2002, is die ATKV nie verantwoordelik vir enige skade of verlies wat gely mag word voortspruitend uit die gebruik van die webtuiste nie. Meer bepaald maak die ATKV geen voorstellings met betrekking tot die inhoud of tegnologie wat verband hou met die gebruik van die webtuiste nie. Meer bepaald is daar geen onderneming dat die webtuiste altyd beskikbaar sal wees nie of dat dit vry van enige fout mag funksioneer nie.

14. AANSPREEKLIKHEID VIR POS EN VERSENDING

14.1. Die ATKV sal nie aanspreeklik wees vir stakings of vertragings met betrekking tot posaflewering of vir dokumente wat in die pos beskadig is of verlore geraak het nie.

14.2. Die ATKV sal nie aanspreeklik wees indien ’n deelnemer nie kennisgewings ontvang nie as gevolg van die feit dat die deelnemer versuim het om die ATKV van ’n adresverandering in kennis te stel.

15. UITSLUITING VAN AANSPREEKLIKHEID

Die ATKV aanvaar nie aanspreeklikheid vir indirekte, spesiale of gevolglike skade, hoe ook al berokken, wat ’n deelnemer mag ly as gevolg van ’n handeling of nalatigheid van die ATKV of enige derde party vir wie se handelings die ATKV middellik aanspreeklik is (hetsy kontraktueel of andersins) met betrekking tot die implementering van die VakansieRandeskema en enige bonustrekking.

16. JURISDIKSIE EN BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

Enige eis wat ’n deelnemer teen die ATKV mag instel: –

16.1. mag slegs in die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Witwatersrand Plaaslike Afdeling, of sy opvolger in titel, ingestel word en deur aanvaarding van enige voordeel ingevolge hierdie VakansieRandeskema word die deelnemer geag toe te stem tot die jurisdiksie van gemelde hof; en

16.2. word beperk tot die minste van –

16.2.1. die bedrag van die verlies wat werklik gely is; en

16.2.2. R1 000 (EEN DUISEND RAND), wat in die alleendiskresie van die ATKV gedelg kan word deur die toekenning van VakansieRande gelyk aan die maksimum bedrag wat geëis kan word.

17. GEEN VOORSTELLINGS

Deelnemers mag op geen voorstellings of bepalings, hetsy uitdruklik of stilswyend, steun nie tensy sodanige voorstellings of bepalings hierin vervat is of op skrif gestel is en namens die ATKV onderteken is deur ’n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger van die ATKV.

18. TOEPASLIKE REGSTELSEL

Hierdie bepalings en voorwaardes sal uitgelê en geïmplementeer word in ooreenstemming met die regstelsel wat van toepassing is in die Republiek van Suid-Afrika.

19. VERTROULIKHEID VAN INLIGTING

19.1. Die ATKV onderneem om al sy kliënte en lede se privaatheid te respekteer;

19.2. Behalwe in die mate as wat dit ingevolge ’n wet vereis mag word, sal geen persoonlike inligting sonder die kliënt of lid se toestemming wat vooraf verkry is, deur die ATKV aan derde partye bekend gemaak word nie; met dien verstande dat die ATKV kliënte en lede se persoonlike inligting aan deelnemende instansies mag openbaar vir besigheidsredes.